

Hoe weet mens dat daar wel 'n God is en dat God bestaan?

Waar kom ons dan vandaan en waar kom die aarde en die sterre vandaan as daar nie 'n Opperwese was, wat buite hierdie skepping gestaan het en hierdie uitspansel geskape het nie?

Die wetenskaplikes sal dadelik sê, dat dit alles verklaar kan word met die hulp van die evolusie-teorie. Dit gee ons dan twee keuses om te besluit waar al hierdie materie vandaan kom.

Die eerste keuse is dat dit deur die evolusie-teorie verduidelik kan word as 'n "toevallige en spontane ontploffing van energie".

Die tweede keuse is dat daar 'n "groter wese as ons heelal" bestaan, wat van buite hierdie hemel, ons hemel geskape het.

Die eerste moontlikheid word as wetenskaplik beskryf en die tweede moontlikheid moet geglo word. As die eerste moontlikheid dan wetenskaplik is, moet dit getoets kan word aan wetenskaplike wette en as dit nie die toetse slaag nie, is daar net een ander opsie oor.

Volgens die evolusie-teorie het daar 'n paar spontane, toevallige, gebeurlikhede plaasgevind, wat daartoe gelei het dat ons vandag as lewende wesens onself bevind op 'n groot bal, wat op 'n vaste baan saam met ander balle, om 'n groter bal wentel, wat aan die brand is.

Dit wat al hierdie toevallighede geloofwaardig maak, is die hoeveelheid tyd wat dit gehad het om te gebeur.

Omdat hierdie wetenskaplik is, is dit aanvaarbaar om dit te kan toets, want die eerste beginsel van die wetenskap is, is dat enige deel daarvan bewys moet kan word met 'n eksperiment en dat daardie eksperiment herhaal moet kan word.

Wel, dit maak dan eintlik die evolusie-teorie nie wetenskaplik nie, want die ontstaan van die heelal kan nie bewys word nie en kan ook nie met 'n eksperiment herhaal word nie. Dit is waarom dit die "evolusie-teorie" genoem word. Dit is slegs 'n teorie en nie 'n wetenskaplike feit nie, want dit kan nie bewys word nie.

Tog is daar baie mense wat dit vas "glo" en dit maak van dit seker eerder 'n "geloof", as 'n "wetenskap".

Volgens hierdie teorie, het daar oorspronklik 'n spontane ontploffing van energie in die ruimte plaasgevind. Hierdie energie het in die rondte gedraai en het toe ontplof. Met die ontploffing het die energie in materie verander en dit het al die planeete en die ganse sonnestelsel veroorsaak.

Omdat hierdie massa energie in die rondte gedraai het en toe ontplof het en materie gevorm het, draai die materie dan ook in die rondte. Dit is die rede hoekom die aarde draai en hoekom die aarde en die ander planeete, wat ook draai, om die son draai en hoekom ons sonnestelsel draai en so voorts.

Dit maak sin, né?

Die eerste vraag wat mens egter behoort te kwel, is juis hierdie gedraai van alles.

Wanneer kinders by die parkie op die groot wiel draai, gebeur presies dieselfde ding. Wanneer hierdie wiel te vinnig begin draai, begin die kinders een vir een van hierdie draaiende wiel af te val en soos hulle deur die lug trek en op die grond te lande kom, draai hulle ook. Dit is presies so en dit is 'n wetenskaplike wet, wat oor en oor bewys kan word met 'n eksperiment.

Nou wat het dit nou te doen met die planete se gedraai?

Die probleem met die draai van ons sterrestelsel se planete, is dat hulle nie almal in dieselfde rigting draai nie. Jy sien, as die wiel links-om draai, sal al die vlieënde kinders ook links-om draai en as die oorspronklike massa-materie links-om gedraai het, sal al die planete ook links-om draai. Dit sal wetenskaplik onmoontlik wees dat sommige in 'n ander rigting draai, tensy iemand hulle rigting verander het.

Dan is die tweede probleem met die evolusie-teorie se verduideliking van die ontstaan van die sterrestelsel, die toevalligheid daarvan.

Omdat dit gekoppel word aan miljarde jare, is enige toeval seker moontlik, maar hoe groot is hierdie toevalligheid?

Dit is baie groot, maar dit is nie die hele storie nie. Daar is 'n hele klomp van hierdie toevalligheid wat toevallig moes gebeur het om te kan kom tot hier waar ons vandag as lewende, intelligente wesens op 'n selfonderhoudende planeet is.

Kry so 'n kykie in die onwaarskynlike moontlikheid van 'n vaagomskryfde toevalligheid.

Stel jouself voor dat daar 'n duisend bobbejane op die maan sit, elkeen met 'n tikmasjien en tik dat die papiere waai. Hulle kan nie lees en skryf nie, want hulle is bobbejane, maar hulle vingers tik aaneenlopend nuttelose gemors.

Toevallig, as hulle net lank genoeg aanhou, miljoene jare, sal hulle almal saam op een spesifieke oomblik deur toeval dit regkry, om saam 'n boek van William Shakespear te kan tik. Wat is die kans in enige regdenkende mens se gedagte, dat so 'n toevalligheid kan gebeur?

Die toevalligheid van die ontstaan van die heelal, was nog moeiliker vir die volgende rede:

Die wet van die wetenskap (en onthou dat die wetenskaplikes sê dat die evolusie-teorie wetenskaplik is) verklaar dat energie nie geskep, of vernietig kan word nie, maar slegs oorgedra kan word en van vorm verander.

As ons dan nou weer teruggaan na die begin van die evolusie-teorie, word daar wetenskaplik verklaar dat daar energie was, wat spontaan ontplof het.

Waar het daardie energie vandaan gekom?

Al waar ons vandag energie vandaan kan kry, is om dit op te wek vanaf 'n ander bron.

Ons vat die energie wat daar in hout is en braai ons vleis daarmee, deur dit aan die brand te steek. Ons het nie energie geskep nie, maar dit oorgedra vanaf die hout in 'n vlam, na die vleis.

Die volgende groot gebeurtenis naas die ontstaan van materie, is die ontstaan van lewe.

Wel, hierdie toevalligheid is nog moeiliker om te bewys, want hoewel die wetenskap energie se kwaliteite redelik onder die knie het, weet en begryp hulle niks van die lewe en die oorsprong van die lewe nie.

Wat is lewe dan?

Dit is die vermoë van plante om te ontkiem en te groei, van diere om op te groei en voort te plant en vir die mens, om ook 'n bewussyn te hê.

Wanneer iemand by 'n troue opdaag met 'n kortbroek en plakkies, is hy selfbewus, want hy het 'n bewussyn. Hy is bewus van homself en sy omgewing en sy omstandighede.

Op 'n dag, lank, lank gelede het daar iewers vêr hiervandaan 'n selletjie spontaan en toevallig ontstaan. Nêrens op die aarde was daar nog lewe nie en die hele wêreld was net 'n massa sop.

Op hierdie dag het die son soos alle ander dae geskyn en die selletjie lekker warm gemaak. Hierdie sel was nie sommer enige sel nie, maar hiêrdie sel, het lewe binne-in hom gehad. Hierdie sel het verdeel in twee dele, soos wat selle vandag ook doen. Toe verdeel dit in vier en toe in agt en so aan, totdat dit 'n lewende organisme geword het. Hierdie lewende organisme het toe voortgeplant en daar het nog ander lewende organismes ontstaan en so aan en so aan...

Met tyd, miljoene jare, het hierdie organismes by hulle omstandighede aangepas (hoewel die aarde oral presies dieselfde was) en het diertjies geword. Hierdie diertjies het later uit die water gekom en geleer loop en het na baie jare mense geword en dit is waar ons vandag trek.

Hierdie klink dalk sarkasties, maar dit is eintlik lagwekkend.

Volgens die wetenskap is hierdie nog steeds wetenskaplik en sonder twyfel, die oorsprong van die mens.

Die eerste probleem met hierdie toevalligheid, is die vraag van waar het die lewe vandaan gekom wat in daardie eerste, oorspronklike sel was?

Ons weet vandag nie eers wat lewe is en waar dit vandaan kom nie, maar die wetenskap is baie seker dat dit toevallig was.

Die tweede probleem met hierdie tweede toevalligheid, is die tyd wat hierdie eerste sel gehad het om by sy omgewing aan te pas, homself te verander in 'n lewendige organisme wat kan voortbestaan en voort te plant.

Vandag het die wetenskap baie sulke selle in laboratoriums in die wêreld om die moontlikheid te bewys dat 'n sel kan verdeel en verander en dit word heeldag gedoen, maar slegs in 'n laboratorium met ideale omstandighede.

As die wetenskaplike daardie sel uit die proefbuis sou haal en dit in die woestyn neersit, wat sal met die sel gebeur? Nee, dit sal nie verdeel nie, maar elke keer vrek.

Die toevalligheid dat daardie eerste sel ontstaan het, is nie eers so moontlik soos dat hy toevallig nie gevrek het nie, maar bly bestaan het.

Daardie sel moes binne oomblikke verdeel en 'n vorm aanneem om in die bar toestande van 'n aarde, sonder 'n klimaat, te kon voortbestaan en daar was nie miljoene jare nie. In daardie selfde oomblikke moes daardie lewende wese geslagsorgane ontwikkel om mee te kan voort plant, voordat hy vrek, want sulke organismis lewe nie vir miljoene jare nie, maar baie kort tydies.

En dan die volgende krisis, waarmee het hierdie organisme voortgeplant, as dit die eerste en enigste een was?

So, wat was nog toevallig van die evolusie-teorie?

Die afstand wat die aarde van die son af is, was toevallig presies reg vir lewe om daar te kan bestaan. As die aarde 'n bietjie verder was, het die aarde gevries en as die son bietjie nader was, het die aarde gebrand.

Die afstand wat die maan van die aarde af is en die grootte van die maan. As die maan nader aan die aarde was, of die maan was groter, het die see se hoogwater- en laagwatervlakke die aarde verwoes en as die maan te ver of te klein was, was daar nie getye in die see nie en dan sou daar nie suurstof gewees het nie en geen lewe in die see, of op die aarde nie.

Die hoek waarteen die aarde lê ten opsigte van die son, is toevallig presies reg, sodat lewe op die aarde kan bestaan.

Hierdie wetenskaplike toerie lyk nou op hierdie stadium of dit meer geloof nodig het om dit te glo, as wat nodig is om te glo dat daar 'n opperwese buite hierdie skepping is, wat verantwoordelik was vir die ontstaan van die heelal.

Dit is dus onbetwyfeld dat al hierdie materie wat in die heelal is, wel hier is, want ons kan daaraan vat en daarop loop, maar waar kom dit dan vandaan?

As die wetenskap se teorie heeltemal te moeilik is om te aanvaar, is daar net een ander opsie oor, naamlik dat die hele heelal beplan en gedoen was deur 'n opperwese en ons beleef net die resultaat daarvan.

Daar moet dus 'n God wees, want anders, waar kom alles vandaan?

Die ontknoping is eenvoudig, want ons het die inligting van hoe dit gebeur het.

Die een voordeel om hierdie opsie as die aanvaarde ontstaan van die heelal te erken, is dat jy dit dan nie hoef te verduidelik en te bewys nie, want dit is 'n geloofsoortuiging.

Dit beteken dat moeilike vrae rondom die skepping nie noodwendig bewys hoef te word nie, want dit is nie 'n wetenskap nie, maar 'n geloof. As iemand dus sou sê dat die skepping sesduisend jaar gelede plaasgevind het, dat daar sterre is wat miljoene ligjare van ons af is en dus baie ouer as sesduisend jaar is, hoef 'n gelowige dit nie te verklaar nie, maar net te glo.

Sesduisend jaar gelede het daar wel 'n spontane bondel energie verander in materie, op 'n verklaarbare wyse. God het gesê: Laat daar lig wees, en daar was lig. Hierdie energie was oorgedra van God af en het materie gevorm deurdat Hy gespreek het. Dit is hoe Hy geskep het.

Lastige vraag: As God dan lig op die eerste dag geskape het, en die son eers dae daarna, waar was die lig dan sonder die son?

Die son is nie lig nie, maar 'n verskaffer van lig soos ons huis se ligte. Lig as 'n item self het nie bestaan voordat God dit sesduisend jaar terug geskape het nie.

Lig is energie en op die eerste dag, het Hy energie geskape.

Dit is egter nie nodig om hierdie te weet en te kan verklaar nie, maar bloot net om God te glo, as Hy so gesê het.

Lastige vraag: As die skepping dan sesduisend jaar oud is en die sterre is miljoene ligjare van die aarde af weg en tog kan ons hulle sien, dan beteken dit tog dat hulle ten minste so oud is soos wat dit vir hulle lig vat om by die aarde te kom, of hoe?

Weereens hoef die gelowige dit nie te verduidelik nie, maar terwyl daar 'n eenvoudige verklaring is, kom ons gee dit.

God het eers die aarde geskape, toe die sterre geskape wat honderdduisend ligjare van die aarde af is, toe het Hy die lig tussen die sterre en die aarde in geskape.

Lastige vraag: Maar hoekom het Hy dit dan só gedoen en waarvoor is al die sterre as ons dit nie kan benut nie, en waarvoor is die dieptes van die see as geen mens dan daarby kom nie?

Dit getuig tot ons, dat daar 'n Almagtige God is vir wie dit geen moeite is om hierdie dinge te kan skape, wat ons verstand te bowe gaan nie.

Psalms 19:2 Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.

1 Kronieke 16:26 Want al die gode van die volke is afgode, maar die HERE het die hemele gemaak.
27 Majesteit en heerlikheid is voor sy aangesig, sterkte en blydschap is in sy woonplek.

Psalms 33:6 Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër.

Psalms 102:26 In die voortyd het U die aarde gegrondves, en die hemele is die werk van U hande.
27 Hulle sal vergaan, maar U sal bly; ja, hulle almal sal soos 'n kleed verslyt; U verwissel hulle soos 'n kledingstuk, en hulle verdwyn.
28 Maar U bly dieselfde, en U jare het geen einde nie.

Spreuke 3:19 Die HERE het deur wysheid die aarde gegrond, deur verstand die hemele vasgestel;

Jesaja 40:12 Wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet, en van die hemele met 'n span die maat geneem, en in 'n drieling die stof van die aarde opgevang, en die berge geweeg met 'n weegtoestel en die heuwels met 'n weegskaal?

13 Wie het die Gees van die HERE bestier en as sy raadsman Hom onderrig?

14 Met wie het Hy raad gehou, dat dié Hom verstand sou gee en Hom sou leer aangaande die pad van die reg, en Hom kennis sou leer en Hom bekend maak die weg van volledige insig?
Jesaja 42:5 So sê God, die HERE, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel:

Jesaja 45:18 Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het—Hy is God! —wat die aarde geformeer en dit gemaak het—Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woest te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word—Ek is die HERE, en daar is geen ander nie.

Jesaja 48:13 Ook het my hand die aarde gegrond, en my regterhand die hemele uitgesprei; as Ek hulle roep, staan hulle daar almal saam.